NOTULE VAN VOSA ALGEMENE JAARVERGADERING /

MINUTES OF HOSA ANNUAL GENERAL MEETING

Om 9h00 15 Maart 2014 / At 9h00 March 2014

SANparke / SANparks, Leydsstr, Muckleneuk, Pretoria

1. VERWELKOMING / WELCOME

Die Voorsitter verwelkom almal van ver en naby met 'n spesiale verwelkoming aan Ambassadeur Dawie Jacobs.

The Chairman welcomed everyone from far and near with a special welcome to Ambassador David Jacobs.

2. VERSKONINGS / APOLOGIES

Verskonings is ontvang van Okkie en Lenie van Niekerk, Jackie Doman, Gerhard Visagie, Dana Swanepoel, Ingrid Moss, Joep Stevens, Minnie Smit en Koos en Lenie Kleinsmith.

Apologies were received from Okkie and Lenie van Niekerk, Jackie Doman, Gerhard Visagie, Dana Swanepoel, Ingrid Moss, Joep Stevens, Minnie Smit, and Koos and Lenie Kleinsmith.

3. NOTULE VORIGE JAARVERGADERING / MINUTES PREVIOUS ANNUAL MEETING

Die notule van die jaarvergadering 2013 was 6 weke voor vergadering uitgestuur en almal het dit hopelik ontvang. Leon Hugo stel voor dat dit aanvaar word as korrek. Sekondant Alida Viljoen. Dit word algemeen aanvaar. 'n Presensielys is ingevul en 22 lede is teenwoordig.

The minutes of the meeting in 2013 was sent out 6 weeks before the meeting and hopefully it was received by all. Leon Hugo suggests that it be accepted as correct. Seconded by Alida Viljoen. It is generally acceptet. A roll of attendance is completed and 22 members are present.

4. VOORSITTERS VERSLAG / CHAIRMAN'S REPORT

Die Voorsitter gee verslag oor VOSA vir die vorige jaar. Hy bedank die komitee vir hul hulp en samewerking. Ledetal het gegroei met 25% verlede jaar. Groot kooperatiewe firmas bv. Cape Nature en Forever Resorts het aangesluit. Leon Hugo bedank Albert Bossert en Jackie Doman vir hulle pligsgetrouheid. (Verslag is aangeheg.)

The Chairman gives his report of HOSA's previous year. He thanked the committee for their help and cooperation . There was a membership growth of 25% for last year. Large corporate firms eg. Cape Nature and Forever Resorts has also joined as members. Hugo Leon thanked Albert Bossert and Jackie Doman for their conscientiousness. (Report is attached.)

5. FINANSIES / FINANCES

Geen finansies inligting is van Jackie ontvang, want haar rekenaar is gesteel. 2013 se Finansies is geoudit en saam met die jaarverslag gestuur na "Department of Social Development", wat dit aanvaar het. Albert sê daar is 'n bedrag van net meer as R50 000.00 in die bank aan die einde van Februarie 2014. Daar moet egter nog oudit gelde uitbetaal word, hy reken daar gaan so R15 000 meer in bank wees as die vorige jaar.

No information about finances was recieved from Jackie, as her computer was stolen . 2013 Finances has been audited and together with the annual report sent to " Department of Social Development " which accepted it. Albert says there is an amount of just over R50 000.00 in the bank at the end of February 2014. However, audit fees are still to be paid out, he believes there will be about R15 000 more in the bank than the previous year.

6. LIDMAATSKAP FOOIE / MEMBERSHIP FEES 2014

Ledefooie is soos volg: Ko-orperatief R2500.00.Besprekingskantore R600.00. Roetebouers R500.00. Skool klub R100.00. Individuele lid R50.00. Stapklub R10 per lid. Nuwe lede betaal 'n adminfooi van R50 in eerste jaar. Albert maak 'n voorstel dat Vervaardigers en Verspreiders van staptoerusting bygevoeg moet word. Na 'n bespreking stel Leon voor dat 'n bedrag van R2500.00 deur hulle betaal moet word en Tim sekondeer. Leon stel voor dat daar 'n kategorie vir Erelede moet wees en die Voorsitter meld dat dit is reeds in die konstitusie omskryf word. Leon meld

die belangrikheid om affiliasies met ander organisasies te hê. Harry meen dat hulle hulp aan VOSA kan verleen, dus het ons hulle nodig. Leon stel voor die Raad moet die saak ondersoek en Harry sekondeer. Dit word so aanvaar deur almal.

Membership fees are as follows: Co-orporate R2500.00. Booking offices R600.00.Trail builders R500.00. School club R100.00. Individualmember R50.00. Hiking club R10 per member. A new member pay an administration fee of R50 in first year . Albert makes a suggestion that Manufacturers and Distributors of hiking equipment must be added. After a discussion Leon suggested that they pay a fee of R2500.00 and it was seconded by Tim. Leon suggests that there should be a category for Honorary members and the Chairman stated that it is already defined in the constitution. Leon mentions the importance of having affiliations with other organizations. Harry thinks they can assist and help HOSA , so we need them . Leon suggested the Council should investigate the matter and Harry seconded. The proposal was accepted by all.

7. BEMARKING EN FONDSINSAMELING / MARKETING AND FUND RAISING

'n Bespreking volg oor borgskapgelde en die kommissie van 10% toekenning aan 'n persoon, wie dit bewerkstellig, soos omskryf in die Konstitusie. Daar word voorgestel deur John dat dit so in die Konstitusie verander moet word en dat dit op meriete en van projek tot projek toegeken moet word. Die RAAD moet daaroor besluit. Harry sekondeer en dit word algemeen aanvaar. Daar word genoem dat die RAAD moet die moontlikheid ondersoek om lede se inligting aan toerusting verkopers te gee teen 'n fooi.

A discussion follows on sponsorship monies and the commission of 10 % award to a person who gets it, as defined in the Constitution. It is suggested by John that it should be changed in the Constitution and that it must be evaluated on merit, and that it should be rewarded from project to project. The BOARD must decide. Harry seconded and it is generally accepted. It is said that the council should investigate the possibility of providing members' information to equipment vendors, at a fee. .

8. STREEKSVERGADERINGS / REGIONAL MEETINGS

Op 'n vraag van Sonja of die Voorsitter die KZN Streekkomiteevergadering kan bywoon sê Albert dat dit moet gedoen word. Hy was by die KZN se Stigtingsvergadering en sal reël om by hul volgende vergadering te wees. Daar is nog notules van die WES KAAP en KZN –DRAKENSBERG streke uitstaande en dit moet aan die RAAD voorsien word vir nagaan en goedkeuring.

On a question by Sonja of whether the Chairman can attend the KZN Regional Committee meeting, Albert said that it should be done. He was at the KZN founding meeting and will arrange to attend their next meeting. There are still minutes from the WESTERN CAPE and KZN DRAKENSBERG regions outstanding and it must be provided to the BOARD for review and approval.

9. NUUSBRIEF / NEWS LETTER

Daar was 6 nuusbriewe deur Jackie in 2013 gedoen. Dit is baie goed gedoen en relevant tot VOSA en voetslaan. Sy word gevra om voort te gaan daarmee. Almal word gevra om bydraes te lewer.

There were 6 newsletters in 2013 by Jackie . It was well done and relevant to HOSA and hiking. She is asked to continue with it. Everyone is asked to contribute.

10. WEBWERF / WEBSITE

Johan bring die vergadering op hoogte van die webwerf en doen verslag. Die databasis is moeilik om op hoogte te hou, want alles verander so vinnig en lede hou nie hul inligting op datum nie. Alle klubs het ook nie webtuistes nie. IhikeSA is nog nie so populêr nie. Sosiale media is egter die rigting vorentoe. Daar is ook 'n Facebook skakel, maar dis nog nie gewild nie. Daar moet skakels na klubwebwerwe gemaak word.Na bespreking word daar gevra dat daar op die webwerf verduidelik word, wat die doelstelling en voordele is om aan VOSA te behoort. Die RAAD moet dit bespreek en ook deur middel van die Strategies analis, Johan Kruger se beplanning, moet voorstelle uiteengesit word. Alhoewel baie mense VOSA kontak, na aanleiding van die webwerf, moet daar meer inligting geplaas word oor staproetes en GFA.

Johan updated the meeting on the website and reported on the website. The database is hard to keep updated, because everything changes so quickly and members do not keep their information up to date. All clubs don't have websites. IhikeSA is not so popular as yet. Social media is the way forward. There is also a Facebook link, but it's not

popular. There should be links to club websites. After a discussion it is asked that it shouldbe explained on the website, the purpose and benefits of belonging to HOSA. The BOARD should discuss it and also by means of the Strategies analyst, Johan Kruger, planning proposals should be outlined. Although many people contact HOSA, on account of the website, there should be more information placed on trails and GFA.

11. KONSTITUSIE / CONSTITUTION

Daar was slegs terugvoer deur Leon oor voorgestelde veranderinge aan die konstitusie.Die Voorsitter verduidelik dat daar heelwat geringe veranderinge aan die Konsttusie voorgestel is om die teks in die Konstitusie net meer duideliker te stel. Die volgende veranderinge word algemeen aanvaar.

1. Punt 6.5 - Waar ander organisasies deur die VOSA bankrekening vir dienste van lede kan betaal, omdat VOSA so makliker rekening fasiliteite kan kry. ("vendor" rekening)
2. Punt 7.5 - Fooie vir lede met meer as een roete word beperk tot een roete.
3. Punt 8 - Die Voorsitter verduidelik hoekom die benaminge veranderinge voorgestel word. Dit is om verwysing tussen die VOSA komitee en streekskomitees se bestuur name te onderskei. Dus sal daar nou 'n RAAD wees met 'n President en Visie President.

Die Voorsitter stel voor dat nog streekskommitees gestig word in die Vrystaat, Oos-Kaap en Suid-Kaap. Dit word algemeen aanvaar.

There was feedback only by Leon on proposed changes to the constitution. The Chairman explained that several minor changes have been proposed for changes to the Constitution to make the text in the Constitution a little more clear. The following changes were accepted by all .

1. 6.5 Point - Where other organizations pay members through the HOSA bank account, for services, as HOSA can easily get account facilities. (" Vendor " account).
2. Point 7.5 - Fees for members with more than one route is limited to one trail.
3. Point 8 - The Chairman explains why the names changes proposed as it is to distinguish between the HOSA committee and regional committee management. So now there will be a BOARD with a President and Vice President .

The Chairman suggested that regional committees be established in the Free State, Eastern Cape and Southern Cape. It is generally accepted.

The BIG WALK

Na Albert sy tema van "Die VOSA Big Bang jaar 2014" breedvoering verduidelik het is Ambassadeur Dawie Jacobs gevra om sy voorlegging oor die BIG WALK voorstel te doen. Dit het gegaan om 'n staproete oor 1000 km te bou, wat sal strek van Robbeneiland tot by Qunu ter ere aan Nelson Mandela se nalaatenskap. Dit gaan 'n massiewe projek wees. Dit was met geweldige entoesiasme deur almal ondersteun. Kyk op die HOSAVOSA webwerf vir inligting.

After Albert explained his theme of "The HOSA Big Bang 2014" extensively, the Ambassador Dawie Jacobs was asked present the BIG WALK proposal. It involves a hike over 1000 km that has to be build, which will run from Robben Island to Qunu in honor of Nelson Mandela's legacy. It's a massive project. It was supported with great enthusiasm by all. Look on the HOSAVOSA webpage for info.

AANBIEDING / *PRESENTATION*

Liandi Slabbert gee 'n kort verduideliking van waaroor haar verhandeling gaan nl. Die rol / impak van die GFA stelsel op groei en werkskepping in die Stapindustrie.

Liandi Slabbert gave a brief explanation of what her paper entails viz. The role / impact of the GFA system on growth and job creation in the Hiking industry.

12. HANDLEIDING VIR OPLEIDING VIR BOU VAN ROETES / TRAINING MANUAL FOR BUILDING OF TRAILS

Ramese vra dat daar 'n VOSA goedgekeurde bou- en onderhoudshandleiding opgestel moet word. Die Voorsitter sê daar is baie handleidings beskikbaar. Die geografie, topografie, geologie en flora verskil oor die hele SA. Daar moet 'n handleiding opgestel word wat algemene en noodsaaklike inligting sal gee. Dit sal dan ook 'n handleiding vir VOSA bouers en onderhoudspanne wees. Ramese bied aan dat Cape Nature 'n werkswinkel sal aanbied in die Kaap, op hul koste, vir 10 persone oor 'n 5 dag tydperk teen einde April 2014. Albert sal inligting voorsien van persone wie moet bywoon. Daar word goedgekeur dat dit aan die einde van April gedoen word. Sonja stel voor dat die KZN se handleiding kan gebruik word as 'n riglyn vir 'n finale produk. Galeo stel voor dat so 'n handleiding dan

SETA geakkrediteer word. Chris verduidelik dat dit beter is dat so iets gereguleer word, dan word dit wetlik afdwingbaar. Dit is wat VOSA nog altyd nastreef, so ook in die geval van GFA.

Ramese asked that a HOSA approved building and maintenance manual should be compiled. The chairman says there are many manuals available. The geography, topography, geology and flora vary all over SA. There must be a manual compiled with common and essential information. It will also be a guide for HOSA builders and maintenance teams. Ramese offered that Cape Nature will host a workshop in the Cape, on their cost, for 10 persons over a 5 day period at the end of April 2014. Albert will provide information of persons who should attend. It is approved that it takes place the end of April. Sonja suggests that KZN's manual can be used as a guideline for a final product. Galeo suggest that such a manual be SETA accredited. Chris explains that it is better that it be regulated as it is then legally enforceable. This is what HOSA has always pursued, so also in the case of GFA.

13. HANDLEIDING VIR OPLEIDING VIR ONDERHOU VAN ROETES / TRAINING MANUAL FOR MAINTENANCE OF TRAILS .

Die bostaande handleiding sal ook gebruik word vir onderhoudswerk.

The above manual will also be used for maintenance.

14. OPLEIDINGSKURSUS VIR ROETE ONTWIKKELING / TRAINING COURSE IN TRAIL DEVELOPMENT

Albert verduidelik dat roete ontwikkeling nie sommer net iets is wat ligtelik gedoen kan word nie en behels ‘n week se opleiding van teorie en praktries, want dit verskil ook oral in die RSA. Leon bied ‘n volledige kursus aan. Dit gaan noodsaaklik wees om bouers op te lei vir die BIG WALK projek.

Albert explains that trail development is not just something that can be taken lightly as it involves a week of theory and practical training, because it differs throughout the RSA. Leon offers a complete course. It will be a necessity to train builders for the BIG WALK project.

15. BOU EN OPGRADERING VAN STAPROETES / BUILDING AND UPGRADING OF TRAILS

Dieselfde geld soos in punt 14.

The same applies as in point 14.

16. DAARSTELLING VAN ONDERHOUDSPANNE / ESTABLISHMENT OF MAINTENANCE TEAMS

Albert verduidelik dat onderhoud van en op roetes geweldig agteruit gegaan het oor jare as gevolg van o.a. die volgende redes:-

- Roete eienaars maak net geld en doen nie behoorlike onderhoud nie.
- In die algemeen het eienaars nie kennis van onderhoudswerk nie.
- Opgeleide personeel verlaat eienaars se diens en niemand anders weet wat om te doen nie.
- GFA verslae se inligting word nie opgevolg en aandag word nie daaraan gegee nie.
- Arbieders is swak werkers en doen nie onderhoudswerk korrek nie.

Met die dat die Boskamproetes besigheid, onderhoudswerk vir Sanparke, Cape Nature en Komatiland gedoen het, word dit ‘n noodsaaklikheid dat kontraktuele onderhoudspanne in die toekoms permanente onderhoudswerk in ‘n area of streek doen op roetes. Hulle sal

- Kwaliteit onderhoudwerk
- Deurlopernd
- En volgens verlangde GFA standaarde doen en
- So stap vriendelike roetes verseker.

Stappers moet egter druk toepas vir stapbare roetes.

Albert explained that maintenance of trails have deteriorated extremely over the years due to the following reasons:-

- *Trail owners just makes money and does no proper maintenance.*
- *In general owners have no knowledge of maintenance work.*
- *Trained staff leaving the owners’ employment and no one else knows what to do.*
- *GFA reports information is not followed up and attention is not given to it.*
- *Laborers are poor workers and do not do maintenance work correct.*

With the Boskamproetes business having done maintenance work for SANParks, Cape Nature and Komatiland , it becomes a necessity for contractual maintenance crews in the future to do permanent maintenance work in an area or region on trails. They will

- *Do quality maintenance*
- *On-going*
- *And according to GFA required standards and*
- *By this ensure friendly trails.*

Hikers must however, push for hikeable trails.

17. GVA VAN ROETES / GFA OF TRAILS

Leon was gevra om die GVA stelsel weer te verduidelik. Daar volg 'n bespreking. Almal vra dat daar meer inliting beskikbaar moet wees oor GVA. Johan sê besonderhede is op die webwerf. Albert sê hy en Leon het al baie in die verlede by klubs daaroor gepraat. Hy verduidelik dat dit daaroor gaan dat 'n roete onder goeie bestuur moet wees in alle opsigte. Geen ster gradering kan van roetes gedoen word nie. GFA gee inligting oor en beskryf hoe roetes is. 'n Stapper kan volgens sy graderingsvermoë, 'n keuse van 'n roete deur die stelsel maak. Harry vra of teugvoer op webwerf gesit kan word. Alida ondersteun hom, maar Johan sê so iets is te subjektief. Leon verduidelik dat daar 'n 5 vrae nota in elke hut van 'n GFA roete moet wees, vir deurgee van inligting deur stappers. Daar word gevra dat daar gekyk moet word om meer geld te vra vir stap van GFA roetes. Dit sal bespreek word op die volgende RAAD vergadering. Daar word meer ouditeure benodig. Leon sal opleiding doen en Albert sal help.

Leon was asked to do an explanation of the GFA system, once again. There follows a discussion. Everyone asks that more information should be available on GFA. Johan said details are on the website. Albert said he and Leon have on many occasions, in the past, talked about the issue at clubs. He explained that it is about a trail being under good management in all aspects. No star rating of trails can be done. GFA provides information and describes how trails are. A hiker, can in their own capacity rating, make a choice of a trail through the system. Harry asks if feedback can be put on the website. Alida support him, but John says some things are too subjective. Leon explained that there should be a 5 note questionnaire in each hut of a GFA trail, for transfer of information by hikers. It is requested that it be looked at to ask more money for hiking of GFA trails. It will be discussed at the BOARD meeting. More auditors are required. Leon will do training and Albert will help.

18. HARDLOOP OP STAPROETES / RUNNING ON HIKING TRAILS

Almal bevestig dat dit 'n realiteit is en wat heelwat probleme het, veral die vinnige agteruitgang van roetes deur die groot getal hardlopers op een keer en kort paaie wat geneem word. Albert noem van roete beskadiging op die Otter. VOSA moet egter betrokke raak om te verseker dat 'n roete nog op stapstandaard is, na 'n ren. M.aw. 'n oudit moet weer gedoen word om te kyk of die roete nog aan stap standaarde voldoen. Die oudit koste moet uit hardloopgeld kom. VOSA moet ook 'n geldelike voordeel kry, aangesien die GVA stelsel deur VOSA onderskryf word. VOSA renne beplanning en organisasie sal deur Poy en haar span hanteer word.

Everyone agreed that it is a reality, which has many problems, particularly the rapid deterioration of trails through the large number of runners at one time and shortcuts taken. Albert mentioned trail damage that occurred on the Otter. HOSA must be involved to ensure that a trail is still up to hiking standard, after a race. In other words an audit should be done again to see if the trail complies with hiking standards. The audit costs should come from running fees. HOSA must also have a financial advantage, since the GFA system is endorsed by HOSA. HOSA planning and organization of HOSA events will be handled by Poy and her team.

19. BERGFIETSRY OP ROETES / MOUNTAIN BIKING ON TRAILS

Tim verduidelik dat bergfietse op staproetes probleme maak. Albert vra, dat die VOSA RAAD aandag daaraan moet gee deur sameprekings met fietsorganisasies te hou.

Tim explained that mountain bikes on trails causes problems. Albert asks for the HOSA BOARD to give attentions to this by having discussions with bicycle organizations.

20. SKATSTAP EN TOEKOMS / TREASURE HIKING AND FUTURE
Slegs 2 komitee lede het 8 maande daaraan gewerk. Die kompetisie was wyd geadverteer en bemark. Die idee was om data vir VOSA en roete eienaars te versamel. Terugvoer is nie so goed nie, maar daar is nog 3 maande oor. Roete eienaars kon groot voordeel getrek het as hulle meer betrokke was. Albert stel voor dat die kompetisie aan die begin van 2015 herhaal moet word, aangesien meeste van die grondwerk al gedoen is. Dit vind byval en sal aan die RAAD voorgelê word vir oorweging.

Only 2 committee members worked on this for 8 months. The competition was widely advertised and marketed. The idea was to provide data for HOSA and trail owners. Feedback is not so good, but there are still three months to go. Trail owners could have benefited more if they were more involved. Albert suggests that the competition should be repeated at the beginning of 2015, since most of the ground work is already done. It appeals, and will be placed before the BOARD for consideration.

21. OPLEIDINGSKURSUS VIR STAPLEIERS EN OPSTEL VAN ALLERLEI RIGLYNE / TRAINING COURSE FOR HIKE LEADERS AND DRAWING UP OF OTHER GUIDE LINES
Albert noem dat die idee nog altyd is om kinders betrokke te kry by voetslaan en die stig van Stapklubs by skole. Jakes is besig om skole te kontak. Onderwysers en ouers moet egter opgelei word as stapleiers. Daar is 'n handleiding opgestel deur VOSA vir die doel. John vra dat die kursus ook vir klubs aangebied word. Tim sê so 'n leier moet ook 'n eerstehulp sertifikaat hê. Albert verduidelik dat die kursus slegs vir hulp sal wees, maar dat 'n person wat die leierskursus gedoen het, 'n sertifikaat kan kry. Die VOSA RAAD moet 'n tyd bepaal en iemand geskik kry om die leierskursus aan te bied.

Albert said that the idea has always been to get children involved in hiking and the establishment of Hiking Clubs at schools. Jakes is busy contacting schools. Teachers and parents must be trained as trail leaders. There was a manual compiled by HOSA for this purpose. John asked that the course also be presented at clubs. Tim says such a leader should also have a first aid certificate. Albert explained that the course will only be as a help, but that a person who has done the leaders course, can get a certificate. The HOSA BOARD must submit a time and get someone suitable to offer the course.

22. SKOOL KLUBS EN ONDERWYS KURRIKULUM / SCHOOL CLUBS AND EDUCATIONAL CURRICULUM
Chris sê dat die ou veldskole gaan herleef en stap sal daarby betrek word. VOSA kan dus help.

Chris says that the old "Veld" schools will be revived and hiking will be involved. HOSA can thus help.

23. DISCOVERY VITALITY STELSEL / SYSTEM
Die saak oor 'n voorstel, om hulle lede, punte te laat kry vir voetslaan sal weer ter sprake kom met die bou van die Big Walk.

The dispute over a proposal, to their members, getting points for hiking will come up for discussion with the building of the Big Walk.

24. DEPARTMENT OF TOURISM AND TOURISM GRADING COUNCIL
Daar sal kontak gemaak word, wanneer "BIG WALK" ter sprake kom.

Contact will be made when BIG WALK comes to discussion.

25. WTN EN GVA INTERNASIONAAL / WTN AND GFA INTERNATIONAL
Galeo gee 'n interessante opsomming van die werking en rigting van die WTN ("World Trail Network"). Hulle beoog om GFA wêrelwyd te gebruik, maar hy verduidelik dat die verskillende lande elk hul eie stelsel en probleme het. Hy gee inligting oor hoe stap mense tot ander insigte en aksies kan bring en oor die reuse suksesse wat in ander lande behaal is. Hy het 'n aanbieding oor die WTN program gegee.

Galeo gives an interesting summary of the operation and direction of the WTN (World Trail Network). They intend to use GFA worldwide, but he explained that different countries have their own system and problems. He gives information on how hiking can bring about other insights and action in people and the huge successes that have been achieved in other countries. He gave a presentation on the WTN program.

26. INDABA – WES KAAP, KZN
Die RAAD moet met die streke opvolg. Albert stel 'n INDABA in KZN voor waarby die KZN, Vrystaat en Mpumalanga betrek kan word.

The BOARD needs to follow up the regions.Albert suggests that a INDABA be held in KZN for KZN, Free State and Mpumalanga.

27. PROJEKTE VIR 2014 / PROJECTS FOR 2014
Albert stel voor dat die VOSA RAAD die SS moet bespreek en dit hou in 2015. John sê dat daar nie genoeg bekendstelling daaroor was nie. Albert sê dat dit baie wyd bekend gestel was op radio en in die pers, maar dat dit dan beter bemark moet word vir 2015.

Albert suggested that the HOSA BOARD should discuss the TH and to have it in 2015. John says that there was not enough advertising done. Albert says that it was very widely talked about on radio and publicized in the press, but that it should then be marketed better for 2015.

28. VOORSTELLE VIR PROGRAM VAN VOSA VIR 2014 / PROPOSALS FOR PROGRAM FOR HOSA FOR 2014

1. Harry Parsley stel voor dat alle administrasie in orde gekry word en take afgehandel word.
2. Esmé Kruger stel voor dat VOSA stapklubs moet bymekaar kry om met mekaar te gesels, want klub getalle neem af. Hannetjie de Villiers bevestig dit. Die Voorsitter verduidelik dat klubs en klublede getalle oral afneem. Die sosiale skakelings van klubs raak afgestomp en stappers groepeer nou in Kerk— Kantoor— en vriende verband. Albert sê almal moet oral, oor hul stap ervaringe praat, en hul passie aan ander bekend maak. Alles moet praat oor die genot om in die natuur stap en te wees en almal moet dit wyd verkondig. Dis juis hoekom skole betrek moet word, want daar is nog interaksie tussen persone. Die RAAD moet Klub probleme bespreek en met moontlike aanbevelings kom.
3. Chris de Beer haal aan dat VOSA sy werksaksies wetlik moet laat onderskryf. VOSA is egter 'n nie-winsgewende organisasie, maar skep werk deur betrokke te wees met werksaksies om staproetes.

1 . Harry Parsley suggests that all administration be placed in order and tasks completed.
2. Esmé Kruger suggests that HOSA hiking clubs should get together to talk among themselves, as club numbers are decreasing. Hannetjie de Villiers confirmed it. The Chairman explained that clubs and club members are decreasing all over. The social connections of clubs, has become numb and hiker now group in Church- Office- and friends regard. Albert says everyone should talk all over about their hiking experiences and make their passion known to others. All must talk about the enjoyment of hiking in nature and all should widely proclaim it. That's why schools should be involved, because there is interaction between people. The BOARD should discuss Club issues and possible recommendations.
3. Chris de Beer quoted that HOSA have its work activities legally endorsed. HOSA is, however, a non-profitable organization, but creates work by being involved with job actions on trails.

29. PLIGTE/PORTFOLIOS VAN KOMITEE LEDE EN WERK KOMITEES / DUTIES/PORTFOLIOS OF COMMITTEE MEMBERS AND WORKING COMMITTEES
Die VOSA RAAD sal dit bespreek en pligte vaslê.

The HOSA BOARD will discuss this and stipulate duties.

30. VERKIESING VAN NUWE KOMITEE / ELECTION NEW COMMITTEE
Albert Bossert meld wie die huidige komitee lede is. Hy verduidelik dat die RAAD uitgebrei moet word. Hy noem dat die komitee die vorige jaar net so behou was. Tim stel voor dit die komiteelede, wat beskikbaar is, weer behou word as RAADSLEDE. Weens die onbeskikbaarheid van Jackie Doman is die volgende persone verkies: Sekretaresse – Maatjé Vollmer, Tessourier – Liandi Slabbert, John Mellish - Klub Verteenwoordiger, Jakes Jacobs – Skole Verteenwoordiger, Poy Blignaut – Staproete-Hardloop Verteenwoordiger en Chris de Beer – Koperatiewe Verteenwoordiger. Die res van die RAAD bestaan uit Die President, Albert Bossert, Johan Slabbert – Vise President en Leon Hugo – GFA Kwaliteitsbestuurder. Albert bedank almal vir hul vertroue in die RAAD en wens die nuwe lede geluk. Hy vra dat almal hande moet vat om die pad vorentoe saam sterker te loop.

Albert Bossert mentions who the current committee members are. He explained that the BOARD members should be expanded. He stated that the committee last year was left unchanged. Tim suggested that the available committee members, should be retained as BOARDMEMBERS. Due to the unavailability of Jackie Doman, the following people were elected: Secretary - Maatjé Vollmer, Treasurer - Liandi Slabbert, John Mehliss - Club Representative, Jakes Jacobs - Schools Representative, Poy Blignaut – Hike Trail- Run Representative en Chris de Beer - Corporate Representative. The rest of the BOARD consists of the President, Albert Bossert, Johan Slabbert - Vice President and Hugo Leon - GFA Quality Manager. Albert thanked everyone for their confidence in the BOARD and congratulated the new members. He asked everyone to hold hands to walk the way forward stronger.

31. ALGEMEEN / GENERAL

Geen. / *None.*

32. VOLGENDE INTERIM VERGADERING / NEXT INTERIM MEETING

Aangesien Leon Hugo nog in Pretoria gaan wees word daar besluit om die volgende RAAD Vergadering te hou op Saterdag, Maart 29, 2014 om 9h00. Die venue sal aan die RAADS Lede deurgestuur word.

As Leon Hugo will still be in Pretoria there was decided that the next BOARD Meeting will be held on Saturday, March 29, 2014 at 9h00. The venue will be the forwarded to the BOARD members.

33. AFSLUITING / CONCLUTION

Die President maak van die geleentheid gebruik om Jackie Doman te bedank vir haar getroue diens en betrokkenheid sedert 2008. Hy bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en wens almal 'n veilige terugreis.

The President takes the opportunity to thank Jackie Doman for her faithful service, and involvement since 2008. He thanked everyone for their attendance and participation and wished them all a safe journey.

Die vergadering verdaag om 15h45 ***The meeting adjourned at*** *15h45*

Geteken President */ Signed President* Sekretarese */ Secretary*

....

Presensielys - Verwysing / Roll of Attendance – Reference

Naam / Name:	**Kontak No / Contact No:**	**E-Pos / E-Mail:**
Tim Hartwright	082 456 7020	tim@jacanacollection.co.za
Gerhardt van Greuning	083 564 7772	gerhardt.ecotrail@gmail.com
Leon Hugo	082 578 3023	leonhugo@vodamail.co.za
Esmé Kruger	082 872 4878	kruger.esmé@gmail.com
Jan-Harm Schutte	082 820 3591	jan-harm@woema.co.za
Eugene Potgieter	083 280 4583	potie@yahoo.com
Hannetjie de Villiers	083 276 7484	hdevilliers@rustenburg.gov.za
Sonja Krüger	082 877 4122	sonja.krueer@kznwildlife.com
Jakes Jacobs	082 600 6020	bushtracking1@gmail.com
Alida Viljoen	082 488 1367	contactalida@gmail.com
Harry Parsley	087 940 1903	jhc@mweb.co.za
Maatjé Vollmer	082 385 2020	mvollmer@vodamail.co.za
Dawie Jacobs	072 871 6669	dawie47@hotmail.com
Liandi Slabbert	082 677 1709	liandi.slabbert@gmail.com
Johan Slabbert	082 321 7420	johan.slabbert@gmail.com
Vuyokazi Dywili	082 738 5652	vdywili@capenature.co.za
Ramese Mathews	082 330 2981	rmathews@capenature.co.za
John Mehliss	072 725 6128	johnmehliss@liberty.co.za
Galeo Saintz	082 888 8181	galeo.saintz@worldstrails.org
Albert Bossert	072 228 8161	boskamproetes1@gmail.com
Chris de Beer	013 252 0330	chrisDB@kld.co.za
Jakkie Pienaar		